

Jaargang 2 Uitgawe 4  
**ink**

R5

Donderdag 10 Maart 2016



**AMANDA:**  
Royal-hotel  
se 1982  
streaker's  
club  
**Bl. 9**

# Bouwer laat sy honde blaf

**Tinarie en kie.  
oor genie Jaco**

**Bl. 6**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

**'Die dag  
is bros'  
is elke  
traan  
werd  
Bl. 7**



**Buckland: Só fisiek,  
die gehoor word moeg  
Bl. 14**



**Irma word  
VSA-top-  
verkoper  
ná aftrede  
Bl. 14**



**Trotse borg en lid van die**

**WORDFEES - FAMILiE**

**MEDIA 24**

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE  
IN HAAR NET  
SLYP HAAR WOORDE  
TEEN DIE ROTS  
SY BAK HAAR NOORDE  
IN DIE VUUR  
EN DIE NOORDEWIND KOM  
EN HAAR WOORDE WAAI VER  
HAAR WOORDE WORD SAAD  
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,  
BOORD VAN NOORDE

### Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en  
bittermooi lirieke van onder andere  
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,  
Koos Kombuis en Francois van Coke.  
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

[www.sanlam.co.za/sponsorships](http://www.sanlam.co.za/sponsorships)



**Sanlam**  
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

in trotse samewerking met

# Leon se fliekgidse van gister tot nou

Die fliekfundi, radioman, akteur, joernalis, skrywer en raconteur Leon van Nierop het onlangs weer ’n boek gepubliseer. Hy vertel aan **Herman Lategan** waar dit vandaan kom.

**Wat is die titel, wie is die uitgewer en van waar kom die titel?**  
*Daar doer in die fliek*. Protea Boekhuis. Die titel is ontleen aan Jamie Uys se klassieke rolprent *Daar doer in die bosveld*, maar beteken ook dat ek terug delf na daar doer gunter in die verlede en daar begin soek by waar alles begin het, veral in die Anglo-Boereoorlog, waar ons vandaan kom, hoe rolprente begin verander het en waarheen ons op pad is.

**Die hoeveelste boek is hierdie van jou?**  
 Dit is my dertigste boek. (En derde akademiese boek as ’n mens dit akademies kan noem.)

**Hoe lank het jy daaraan gewerk en hoe het jy met die navorsing te werk gegaan?**  
 Ek werk eintlik al sedert 2011 daaraan, toe ons met die TV-reeks *Daar doer in die fliek* begin het, en ek aan die RSG-radioprogram *Die Afrikaanse rolprent: Gister en vandag* begin werk het waarop hierdie boek ook gegrond is.

Die vervaardigers van daardie reeks, Johan en Christa Lategan van Diaz-films, het saam met my elke denkbare persoon probeer opspoor wat iets met die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse filmbedryf te doen gehad het en onderhoude met hulle op kamera gaan voer. (Nie almal was bereid om voor die kamera te verskyn nie, en daar was ook diegene wat net hul stemme wou laat hoor, maar nie voor die kamera wou sit nie.)

Ek het ook met tegnici gepraat – kinematograwe, redigeerders, lyn-vervaardigers, takelaars, wie ook al aan rolprente gewerk het en gevra hoe ons tegnies ontwikkel het. Ek het selfs met ander resensente en reklamebeampies gepraat.

Ek het nie met ’n vooropgestelde lysie vrae gekom nie, maar het deeglik nagevors oor waar elke persoon vandaan kom, wat hy of sy reeds bereik het en wat alles agter die skerms gebeur het.

Groot dele van daardie onderhoude kon natuurlik nie die TV-program haal nie weens die tydskedule van ruimte, en ek het van daardie antwoorde, staaltjies en feite nou in hierdie nuwe boek gepas.

Dus word feite, menings en staaltjies vermeng met opinies en menings van soveel as moontlik rolspelers wat ek in die hande kon kry.

**As jy moet raai, hoeveel flieks sien jy gemiddeld elke jaar?**  
 Ek weet presies, want sedert my matriekjaar hou ek ’n lys van elke film wat ek al gesien het.

Omtrent 200 ’n jaar. Ek het on-

geveer 350 Afrikaanse films gesien.

**Vertel ons meer van die boek. Wat kan lesers verwag?**  
 Dit is gedeeltelik voorheen beantwoord.

Ek begin by die Khoi wat die eerste keer stories vir hul kinders begin vertel het, beweeg deur die ontstaan van die kamera en opgeneemde klank, die eerste rolprentskote wat in SA geskiet is, die invloed van die Anglo-Boereoorlog, en vertoef dan lank veral by die Pierre de Wet- en Jamie Uys-era, so ook Elmo de Witt.

Ek kyk hoe die rolprentbedryf verander het met die koms van Jans Rautenbach, hoe dit teen televisie baklei het in die sewentigerjare, hoe dit in verfilmde televisie verander het in die tagtigerjare, ook met die koms van die verfilmde radiovervolgverhaal en die impak van Katinka Heyns se films.

Dan kyk ek na die sogenaamde struggle-tydperk met films soos *The stick*, *A Place of Weeping* en *Mapantsula*; ek ontleed hoe baie Engelse komedies in die negentigerjare gemaak is waarvan feitlik nie een ordentlik geld gemaak het

nie; die dood van die Afrikaanse film ná *Kaalgat tussen die daisies* en *Lyklolly*; die heropstanding van die Afrikaanse film met *Ouma se slim kind* in 2007; en die huidige opbloei van rolprente en oormaat wat ons tans weer ondervind.

**Hoekom moet mense hierdie boek koop?**  
 Dit gaan die ouer garde weer nostalgies maak omdat ek verduidelik wat gebeur het toe sekere klassieke rolprente gemaak is.

Hulle gaan ook baie staaltjies en anekdotes hoor waarvan hulle nie geweet het nie.

Jonger fliekgangers gaan sien waar ons vandaan kom, watter baanbrekerswerk die pioniers gedoen het, maar ook watter foute hulle gemaak het en wat ons daaruit kan leer, en dan ’n volledige en kritiese blik op die moderne Afrikaanse rolprent tot middel 2016.

Ek skram nie van kritiek weg nie en verduidelik wat ek dink ons op die oomblik in 2016 reg en verkeerd doen.

En ek skryf ’n persoonlike blik op *Ballade vir ’n enkeling*, wat agter die skerms gebeur het en hoe ek die verfilming ervaar het.



“Hulle gaan ook baie staaltjies en anekdotes hoor waarvan hulle nie geweet het nie.



- Wat is die vyf beste Afrikaanse rolprente wat jy al gesien het?**
1. Dis ek Anna
  2. Die kandidaat
  3. Katrina
  4. Paljas
  5. Sink

**Korreltjie Kante**

Luna Paige  
Nick Turner  
& Hatchetman

Unisa Wordfees

**Laer as laag**

6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur

bly • hlala  
happy • stay  
ulonwabo

**GRATIS PRET VIR DIE HELE GESIN!**

**Pryse te wen!**

**Handgemaakte skaatsplanke, 2bop pette, hoela hoepels, vlieërs**

**13 MAART**

GRATIS

15h00

Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite, kosstalletjies

17h00

Interaksie en gratis lesse in: Origami, hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym

19h30

Voorvertoning: Inzync kletsrym

20h00

Lofdigter: Malika Ndlovu

Aankondiging van top 5 inskrywings

Vuurseremonie (poi dansers, lanterns en brand van die vlerklappende feniks)

**SPONSORED BY**

**NATIONAL LOTTERIES COMMISSION**

LOTTO FUNDED

**OTHER PARTNERS AND SPONSORS**

## Op die feesterrein

### Ena Murray onthou



Suzette Kotzé-Myburgh, Nèlleke de Jager, Ettie Williams en Etienne Bloemhof het Dinsdag hulde gebring aan die skrywer Ena Murray. FOTO: NATALIE GABRIELS

# Van Moses, Mercs en misdaad

## Diskoers

### Verkiezingsdebat op RSG se Monitor.

Mense van Stellenbosch moet weet, die Economic Freedom Fighters (EFF) kom vir hulle, het Bernard Joseph gister gewaarsku in een van die eerste sarsies debatte in aanloop tot die plaaslike verkiesing later vanjaar.

Hy was saam met Kaapstad se burgemeester, Patricia de Lille, en die ANC se Tony Ehrenreich deel van die RSG-program *Monitor* se verkiesingsdebat by die Woordfees op Stellenbosch.

Die EFF het nie gebyt aan Ehrenreich se uitnodiging dat hulle saam moet staan om mag in die provinsie oor te neem en “die grond wat skelm gehou word deur die boere hier in Stellenbosch” terug te vat nie.

“Tony, ons gaan nie met enige politieke party saamstaan nie,” het Joseph gesê.

“Ons kan op ons eie voete staan. En die mense van Stellenbosch, wees gewaarsku – die EFF

kom na julle toe. Daai ding van 99 jaar huurooreenkomste met die munisipaliteit moet end kry.

“[Apartheidspolitikus] Marais Steyn, jou kleinseun moet weet: ons kom vir jou.”

Die politici het nie gehuiwer om God en die Bybel in te bring nie.

“Praat net die waarheid. God het die waarheid lief,” het De Lille vir Ehrenreich gesê na sy gesê het die opposisie gaan ekonomies om met die waarheid.

“Mense kan nie ’n rat voor die oë gedraai word nie.”

Joseph het nie op hom laat wag nie: “Ek sal die burgemeester aanbeveel om Kolossense 3 vers 9 te lees – dit sê ons moet net die waarheid praat met mekaar.”

Hy het nie daar gestop nie: “Ons wil soos ’n Moses wees vir die mense van Suid-Afrika.”

De Lille het gesê bewerings dat die DA net na ryk, wit belange omsien is nonsens, aangesien meer as 70% van die stad se begroting spandeer word om armes te help.

“Verlede jaar het die tesourie ons selfs aangepraat omdat ons te vrygewig is met gratis dienste vir

armes.”

Ehrenreich het ’n verduideliking gesoek oor hoekom De Lille ’n masker opsit as sy die armste van die armes besoek om hul omstandighede te ondersoek.

“Sy praat met die ontwikkelers in Kampsbaai oor ontwikkeling wat ons menses al uithou. Ons vra al hoe lank vir gemengde, geïntegreerde behuisingontwikkelings, maar niks gebeur nie.

“Waarvoor is sy bang as sy met arm mense praat? Hoekom moet sy ’n masker dra?”

Joseph het gesê dit is opvallend hoe wit en swart mense se kwessies in die Wes-Kaap verskillend aangespreek word.

“Die burgemeester stig eerder ’n eenheid om mense uit hul huise te gooi – so asof hulle diere is wat uit ’n kraal gejaag word.”

“En vir die ANC wil ek sê: Die rykdom het geskuif van wit mense na ’n groepie swartes. Daar wag ’n groot verrassing op julle by die stembus.”

Ehrenreich het gesê dis ook nie genoeg om net een probleem op te hef nie, want “misdad en dwelms skuif rond tussen die gebiede”.

Enigiemand wat skuldig bevind word aan korrupsie moet tronk toe gaan, het Ehrenreich geantwoord op ’n vraag uit die gehoor oor die Wes-Kaap aan dieselfde lot oorgelaat moet word as die ander provinsies.

“Hoe doen ons nasiebou as dit duidelik is dat almal in verskillende rigtings trek?”

“Wit mense, julle moet besef julle kan nie meer die luxuries hê van die verlede nie. Vergeet nou maar van ’n nuwe Mercedes elke jaar, nou moet dit maar elke vyf jaar wees. Sorg eerder dat julle domestic worker beter na gekyk word.”

De Lille het gesê die ANC het nou babysitters gekry om na hulle te kyk, en tog probeer hulle steeds om die provinsie onregeerbaar te maak.

“Nou weet ons ook van die komplot om DA-raadslede te nader om oor te loop met belofte van ’n groter pensioen. Maar julle gaan nie daarin slaag om die DA te ontwig nie.”

Ehrenreich het gesê dié bewerings is niks meer as ’n set om vrees by mense aan te wakker nie. – Jo-Ann Floris

## Regisseurs by fliekfees lok kykers

### Filmfees. Pulp Cinema – Neelsie. Daaglik tot 13 Maart.

Meer as 40 rolprente is by vanjaar se fliekfees in die Neelsie se Pulp Cinema te sien.

Volgens die projekbestuurder, Ilana Cilliers, is dit die eerste keer wat die rolprentfees as volwaardige fees op sy eie tydens die Woordfees aangebied word.

“Ons is baie opgewonde oor die regisseurs wat ons kom besoek om oor hul rolprente te gesels en om vrae te beantwoord,” het Cilliers gesê.

François Verster, regisseur van die dokumentêr *The dream of Shahrazad*, het Sondag die eerste filmgesprek ná afloop van die vertoning gelei. Dié rolprent oor die stand van vryheid van spraak in Egipte ná die Arabiese lente, het al ’n hele rits pryse, onder meer die beste Suid-Afrikaanse film by die Internasionale Filmfees in Durban, ingeryg.

Maandag het die Belgiese regisseur Geoffrey Enthoven oor sy twee rolprente *Happy together* en *Come as you are* wat ook ’n hele klomp internasionale pryse gewen het, gepraat.

Die dokumentêre rolprent *The shore break*, wat Amnesty International se menseregteprys tydens die Durban Internasionale Filmfees, asook die beste bestaande dokumentêr tydens die kykNET Silwerskermfees gewen het, was ook te sien. Odette Geldenhuys en die regisseur Riley Grunenwald sal ook ná afloop van die vertoning oor hul projek gesels.

Adriaan de la Rey van die Open Window school of Film Art sal môre ná afloop van hul versameling kortfilms om 10:30 daar wees om te gesels, asook by hul argitektoniese dokumentêr *In search of our own – The forgotten legacy of Norman Eaton* op 12 Maart om 18:00 en 13 Maart om 20:00.

Kaartjies vir vollengte rolprente beloop ongeveer R30 en toegang tot kortfilms is gratis. Pulp Cinema-lede het gratis toegang tot alle rolprente tydens die fliekfees. – Lynné Schoeman

## Gaaf om te ontmoet, Kleinneef!

’n Mens loop allerlei bekendes raak op die fees. Selfs familie. Alex Hamilton, die fees se koördineerder van visuele kuns, en Valiant Swart, bekende Stellenbosse musikant, het mekaar vir die eerste keer ontmoet. Hulle oumas aan moederskant was susters, dus is hulle kleinneefs.

Klein wêreldjie!  
FOTO: ILZA ROGGE BAND



# Uitdrukings laat ons geliefde taal glimlag

**Afrikaanse uitdrukings: Kosbaar of argaies en dus irrelevant? Banhoekweg 115. Dit was gister om 11:00.**

Nou moet ek my gat in rat kry en dié storie begin skryf...

Die probleem met idioome, het Willem Botha gister vir 'n volgepakte, meestal gryskop vertrek vol mense gesê, is dit word nie behoorlik in skole behandel nie.

Botha het gestoei met die persepsie dat "fossiele", soos agteros kom ook in die kraal, betekenisloos en dus irrelevant vir die huidige geslag Afrikaanssprekendes geword het.

"Ek kry laasweek 'n brief van Fransjohan Pretorius. Hy skryf: 'Derdejaar-geskiedenisklas, Tukkies. Afrikaanse groep, moedertaal. Voor die aanvang van die lesing gaan seek ek vergeefs die swartbordkryt.

"Terug in die klas merk ek op dat ek die persoon wat die kryt gevat het, sal uitkryt. Ek kry fronse. Ek sê die kop was! Nog meer fronse... van hierdie idioome

het my studente, moedertaalsprekers uit goeie Afrikanerhuise, nog nooit gehoor nie."

Volgens Botha blyk daar 'n persepsie te bestaan dat baie Afrikaanse jongmense geen idee het van uitdrukings nie, want daardie uitdrukings het hul oorsprong in 'n leefstyl en 'n wêreld waarvan hulle min of niks weet.

"In alle tale word daaglikse idioome gebruik wat eeue oud is. Hierdie idioome kom onder meer uit die Bybel, uit fabels, ook uit die werk van groot skrywers soos Shakespeare.

"Baie van vandag se Engelse uitdrukings kom uit die 1500's en van hulle is ook spreekwoorde in Afrikaans wat ons daaglikse gebruik."

En toe trek Botha weg met: It's raining cats and dogs, dit reën katte en honde.

"Maak dit sin? Dit beteken natuurlik dit reën baie hard. Hoekom? Alle huise het gedekte dakke gehad sonder 'n plafon en dan het hulle onder die dekriet 'n bietjie strooi ingedruk om dit dikker te maak en ook vir hitte.

"En wie seek hitte? Insekte en muise en selfs katte. En daar het hulle hulself tuisgemaak in die winter. En as dit nou baie hard reën, lek die water deur die dekriet tot op die strooi en raak dit glad en dan verloor hulle hul greep."

Só kon jy 'n muis (of selfs 'n kat) in jou sop kry...

Botha het bygevoeg daar is ook 'n ander kant van die munt: "Dit is geen uitgemaakte saak dat die jonger geslag Afrikaanssprekendes glad nie meer uitdrukings ken of verstaan nie.

"Die jeugverhaalskrywer Fanie Viljoen het 'n studie gedoen van leerders se taalgebruik op Facebook en ontdek dat hulle wél Afrikaanse idioome gebruik..."

So, voor dit ons suur bekom moet ons as ouers én onderwysers metaforiese taalgebruik en idioome aanmoedig.

En wanneer die sekelmaan saans tussen die sterre hang, sê my 6-jarige meisiekind, Manon: "Kyk pappa, daar's 'n glimlag-maan." En dan glimlag dié soetste taal... – Jo Prins

## Greeff en Van Greunen gesels



**Hennie van Greunen en Rachelle Greeff het gistermiddag in die HB Thom-foyer gesels oor Rachelle se kortverhaalbundel Die Naaimasjien en ander stories. FOTO'S: MARCHELLE VAN ZYL**

# DIE BYBEL IN JOU TAAL



[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)  
bybelgenootskap van suid-afrika

## Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

### Matteus 18:28

Maar toe daardie slaaf uitgaan, het hy een van sy medeslawe gekry wat hom honderd denarius<sup>a</sup> geskuld het.

<sup>a</sup> **denarius:** 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

SÊ JOU SÊ BY:  
[www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za)

## Toneel

# Teater in al sy volheid

**JACO BOUWER** se kreatiwiteit en visie as teaterskepper en regisseur is legendaries. Sy skugterheid en afkeer aan publisiteit, openingsaande en teatrale hype is eweneens bekend. Dit was dus heelwat makliker om te praat met die akteurs wat gereeld saam met hom werk oor wat dié samewerking so besonders maak. Bouwer bied by die Woordfees weer vier produksies aan, naamlik die ensemblestukke “In ongenade” en “Buite blaf die honde swart”, ’n solostuk genaamd “Santa Gamka” en die klassiekemusiekproduksie “Waansin”. Lees hier die eerste aflewering.

FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

Lees môre  
Deel 2



**TINARIE VAN WYK LOOTS**  
– **Liliane in Buite blaf die honde swart; Lucy in In ongenade:**

**Die kans om saam met Bouwer te werk:**

“Dit is wonderlik om saam met Jaco te werk. Ek wou nog altyd, vandat ek hom die eerste keer in die gange van Stellenbosch se dramadepartement gesien het. Ek het na sy produksies gaan kyk en bly wens. Ek het hom selfs een keer aan die arm gegryp in Grahamstad (ek weet nie of hy dit sal onthou nie) en gebedel. Letterlik!

“Ek het in die verlede oudisies vir hom gedoen, ten spyte daarvan dat ek nie vir die toneelstuk se speelvak beskikbaar was nie, net sodat hy my kon sien en bewus wees van my.

“Daar was al sprake van ’n projek saam, maar dinge werk nie altyd soos mens dink nie. Uiteindelik was die eerste produksie waar alles saamgeval het *Buite blaf die honde swart* en nou weer met *In ongenade*. Albei stukke vra in ’n sekere mate na ’n individu se identiteit in die omgewing waarin hy hom of haarself bevind. Wel, is dit nie maar wat alle teater vra nie?”

**Bouwer se benadering:**

“Ek sou met moeite ’n gunsteling kies tussen die twee stukke. Elke ervaring is absoluut en elke die proses uiters vervullend en

uitdagend. Dit is ’n uitdaging vir die sinne en die psige. Dis moeilike en soms sensitiewe materiaal om mee om te gaan, maar ’n mens moet vreesloos wees. Jaco skram nie vir ’n oomblik weg nie. Intendeel.

“Hy is ontsettend oop vir idees en interpretasies. ’n Mens kan selfs tot op nommer 99 as iets nuuts jou byval dit aan hom noem en daarmee speel.

“Dit is wonderlik om daardie soort vrymoedigheid te kan geniet. Ek het ’n belaglike sin vir humor en soms vreemde idees oor dinge, maar ek voel nooit dat ek myself in die spasie saam met hom hoef te sensureer nie. Dit is ’n voorreg om saam met Jaco te kan werk, ongemaklike vrae te beantwoord en beelde te bou. Ek is so ongelooflik trots om deel daarvan te kan wees.”

**Oor sy kreatiwiteit:**

“Jaco se klankbane is geweldig treffend. Ek vind dikwels dat die klanke my nog lank ná repetisies in die aande bybly. Ek verbeel my dat ek dit nog steeds kan hoor, soos ’n persoonlike leitmotif, omdat jy dit tot amper in jou beendere kan voel. “Daarby is die stelle ook stimulerend en so opwindend om mee te werk en in te eksperimenteer – dis asof die hele stuk bestaan in ’n heel ander milieu of gebied.”

## MEER OOR ‘HONDE’

**Buite blaf die honde swart. Die produksie was vroeër die week by die fees te sien.**

’n KKNK- en US Woordfees-koproduksie

**Teks:** Bernard-Marie Loltès

**Vertaling:** Tertius Kapp

**Musiek:** Pierre-Henri Wicomb

**Regie:** Jaco Bouwer

**Met:** Dawid Minnaar, Tinarie van Wyk Loots, Albert Pretorius en Owen Manamela-Mogane.

“Uit die wagtorings sing sekuriteitswagte vir mekaar om wakker te bly. Agter doringdraad staar ingenieurs die nag in. Desperaatheid hang in die soelte. ’n Geheimsinnige man kom soek na die lyk van sy broer en ontketen ’n stryd van wisselende grootte-ordes. ’n Klassieke eietydse drama uit die pen van Bernard-Marie Loltès, die bekendste Franse dramaturg van die moderne era. *Combat de nègre et de chiens* (in Engels aangebied as *Black Battles with Dogs*) is al in sewentien tale vertaal.”



**ALBERT PRETORIUS – Kallie in Buite blaf die honde swart:**

**Die kans om saam met Bouwer te werk:**

“Ek het al drie produksies saam met Jaco gedoen. *#Untitled*, *Balbesit* en *Buite blaf die honde swart*. Dis moeilik om ’n gunsteling te kies, want almal is anders.

“*#Untitled* was spesiaal, want dit was my eerste professionele produksie en steeds een van die mooiste stukke waarby ek nog betrokke was. *Balbesit* was so ongelooflik challenging en rewarding en once in a lifetime. En *Buite blaf die honde swart* is so rou en een van die lekkerste, aakligste karakters wat ek nog ooit gespeel het.

“Die eerste keer wat ons saam gewerk het, het Jaco ’n jong akteur gekort vir *#Untitled*,

wat sy Standard Bank Young Artist-produksie vir Grahamstad was. Sandra Temmingh het my voorgestel, ek het die oudisie gedoen en toe die rol gekry.”

**Bouwer se benadering:**

“Ek skryf Jaco se groot sukses daaraan toe dat hy aanhou soek en krap en dink. Jaco is baie intellektueel en terselfdertyd so oop en los. Hy kry sy inspirasie uit soveel plekke.”

**Oor sy kreatiwiteit:**

“Een van die groot goed wat my altyd gryp as ek na sy werk kyk, is die visuele element. Dis altyd interessant. As jy ’n Jaco-produksie gaan kyk, weet jy dit gaan visueel iets moerse wees. Ek hou ook van sy Europese styl en gebruik van klank. Hy is ’n towenaar om alles so bymekaar te sit. Hy is ’n kunstenaar. Hy is kuns.”

## Kinders kan kies tussen muis, reëngodin of varkies

’n Muis met ’n spesiale talent om proteas te red, ’n meisie wat kan dans om reën te bring, twee “kadouters” (sic) wat sonstrale kan skiet, ’n eekhorinkie wat drie varkies met sy towerkragte moet help en gewilde televisiekarakters wat uit die kassie klim om kinders in lewende lywe te vermaak.

Dié verbeeldingryke produksies op vanjaar se

Woordfeesprogram bied hope pret vir jong feesgangertjies.

*Florence and Watson and the Sugarbush Mouse* is ’n projek wat Rob van Vuuren en sy vrou, Danielle, na aan die hart lê. Hulle het die storie vir hul vyfjarige dogter Bijou geskryf, en was “over the moon” toe dit met Lauren Fowler se illustrasies ook as boek uitgegee is. Die boek is vandag

om 16:30 by Weltevreden te koop.

*Die reëngodin* is ’n storie wat uit verskeie Afrika-kulture se reëngodin-legendes geskep is en is vir effens ouer kinders geskik. Die staafpoppe waarmee die storie vertel word, is deur The Little Marionette Company gemaak en studente van die US se dramadepartement speel poppemeester onder leiding

van Thea Visagie. Kunstenaars soos Nic de Jager, Franz Marx en Antoinette Kellermann se stemme klink in die klankbaan op. Vertonings is 13 Maart om 09:00 in die KykNET Fismer-saal.

Die immergewilde kinderreeks *Lollos* het skaars bekendstelling nodig. *Lollos 7: Laat jou bene bewel* is op 12 Maart om 10:30 by Weltevreden te sien.

Dan is daar ook die storie van Spekkies, die eekhorinkie wat die slinkse Dolf Wolf uitoorlê in *Spekkies en die drie varkies* op 11 Maart om 10:30, 12 Maart om 09:00 en 13 Maart 09:00 by Weltevreden. Die “amperse pantomime”, *Liewe Heksie: Flower Power* is die naweek ’n moet-sien vir die hele gesin in die Stadsaal. – **Lynné Schoeman**

# ‘Bros’ laat jou broos, verpletter

Die dag is bros. Drama.  
Hoërskool Stellenbosch.  
12 Maart om 10:00.

Trane in die teater is nie altyd ’n maatstaf van voortreflikheid nie. Ek onthou baie goed hoe die grootmense dekades gelede almal op ’n streep na die rolprent *Love Story* gestroom het. Al wat ’n mens daarna uit hulle kon kry, was: “Ek het só gehuil!”. Tot vandag toe weet ek nie of dit was omdat die prent so goed gemaak was, of die storie so vreeslik hartseer was en of die ongelooflik gewilde temalied maar net hul traankliere geprikkel het nie. Of dalk was dit sommer al die voorgenoemde.

Wat ek wel weet, is dat indien die trane kom, het iets jou hart of siel geraak en dan is jy al ’n hele ent verder as wat jy was toe die ding begin het. Wessel Pretorius se bekroonde drama *Die dag is bros* het my verpletter, dermate dat ek nie eens myself van die grond af kon skraap om net my erkentlikheid teenoor die vier uitstaande akteurs te betoon nie. En die sneller was die woord “retribution”, komende uit die mond van Brian (Dean Smith), ’n voormalige jeugmisdadiger oor wie oud-lektor Elsa van Zyl (Sandra Prinsloo) haar ontferm nadat haar seun, Tertius (Ben Albertyn), in ’n motorkaping sterf.

So baie wat ’n mens in die afgelope dae hier gesien het, handel oor die uiterste emosies wat gepaardgaan met verlies, eensaamheid en afsondering. Trouens, selfs van die komedie is daarop toegespits. Verlies is ook die sentrale tema van *Die dag is bros*: Elsa se verlies van haar kind, Brian se verlies aan onskuld en geleenthede, en Tertius wat sy



Nicole Holm, Sandra Prinsloo, Ben Albertyn (regs bo) en Dean Smith. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

lewe verloor het. Pretorius se teks is fyn geweef; sy karakters en hul situasies outentiek. Natuurlik dra dit ook die kenmerkende stempel van sy voorliefde vir poësie, met “Klein ballade” van Sheila Cussons as leitmotif.

Pretorius gebruik die eerste deel van die drama om te toon hoe heg die verhouding tussen ma en seun was. Elsa praat met Tertius asof hy nog lewe en eintlik is hy daar, want sy kon hom nog nie na sy ewige rus laat gaan nie. Saam gaan hulle deur die ma-en-seun-rituele wat hul tyd saam spesiaal gemaak het: sy maak vir hom grondboontjiebotter-en-stroop-toebroodjies, leer hom dans voor sy eerste afspraak met ’n meisie, en dies meer.

Prinsloo se vermoë om die pa-

tos en weerloosheid in ’n karakter na buite te vertolk vir die gehoor, is amper ongeëwenaard. Sy van alle spelers beskik oor die vermoë om stadig en meedoënloos jou hart uit jou ribbekas te trek.

In die rolle van Tertius en Brian kon ’n mens kwalik beter gekies het as Albertyn en Smith. Albertyn het ’n effens moeiliker taak omdat sy karakter sienderoë relatief vinnig en tog subtiel moet groei en verander. Hy skitter met dié transformasie en die onbeholpe knapie wat swembad-chloor geruik het as hy bang raak, verander in ’n sjarmante, selfversekerde jong man.

Smith op sy beurt het pas die Fiësta-toekenning ingepalm as beste byspeler vir sy vertolking



van die gefolterde Brian. Hoewel sy karakter verklaar dat hy “die lug oopkloof met sy woede”, is Smith se spel nooit oordadig of onbeheersd nie. Vir so ’n jong akteur is sy tydsberekening in die klimaks en ontknoping van die toneelstuk ook indrukwekkend.

Daar is ’n vierde karakter, Elsa se vriendin Irma (Nicole Holm), maar sy skyn relatief gemaklik deur die lewe te gaan en figureer hoofsaaklik in ondersteunende hoedanigheid. Daarom is sy miskien nie so duidelik omlyn soos die ander drie nie. Holm is ervare en het nie baie nodig om ’n geloofwaardige karakter te skep nie. ’n Mens verstaan gou dat Irma as vriendin Elsa se veilige hawe verteenwoordig.

Dit is die aand van Brian se 18de verjaardag en Elsa maak vir hom ’n driegangmaal om dit te vier. Irma is ook genooi om daar te kom eet, maar as Brian tuiskom, dring hy daarop aan dat daar vonkelwyn moet wees. Irma gaan koop dit. In hierdie stadium neem die verhaal ’n onverwagte wending en wat dan volg, verander die dinamika van die verhouding tussen Elsa en Brian permanent.

Nico Scheepers het by die mees onlangse Fiësta-toekennings die prys ontvang vir die beste teaterontwerp, onder meer vir *Die dag is bros*. Wanneer die ligte aangaan, sien jy waarom hy die wenner was. Hy het vir Elsa ’n droomkombuis geskep – knus, gemoedelik en verwelkomend, ’n regte kuierkombuis waar sy haar seun op die tafel kan laat staan om sy Sheila Cussons-gedig vir die talentkompetisie voor te dra, of hy sy lang bene oor die yskas kan hang terwyl sy ma en haar vriendin Irma bak en brou.

Hoewel die stel baie groot is, nes die verlies wat Elsa probeer verwerk, oorheers dit nooit die gebeure of karakters nie. Dit versinnebeeld werklik die hart van Elsa se huis en dis daár waar haar seun ná sy dood aan haar verskyn en hulle die drade optel.

Regisseur Neil Coppen se beligtingsontwerp komplementeer die stel perfek en dra grootliks by om telkens die regte stemming te skep. Om dit onder feesomstandighede reg te kry, wil nogal gedoen word, en daarvoor verdien hulle ’n pluimpie.

*Die dag is bros* verteenwoordig teater op sy allerbeste waar alle aspekte daarvan saamwerk om vir jou as gehoorlid ’n magiese ervaring te bied. Dit was elke traan werd. – Marina Griebenow

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-BOEK-WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel\* is terug met 'n fees van boeke vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

\*Agter die US Museum

ATKV-BOEK TENT

Kom loer **daaglik** vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

MÔRE, 11 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

|               |                                 |
|---------------|---------------------------------|
| 10:30 - 11:30 | Ingrid Winterbach: Vlakwater    |
| 12:00 - 13:00 | In watter kerk bly God?         |
| 14:00 - 15:00 | Johan Bakkes: Openbaring        |
| 15:30 - 16:30 | Willie Esterhuyse: Geagte Jahwe |
| 17:00 - 18:00 | TT Cloete huldigingsgesprek     |

@ATKVSa  
f ATKVSA

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

www.atkv.org.za

ATKV

\*Wenners op elke platform sal daaglik via sosiale media in kennis gestel word. Pryse moet tydens die fees by die ATKV-Boekwinkel betaalpunt afgehaal word. Bewys van identiteit noodsaaklik.

‘Ek loop die pad’

# Diva Amanda met glans gevier

**Op 23 Julie word Amanda Strydom 60. Dinsdagaand was daar ’n spesiale konsert by Spier, en gisteroggend ’n verrassingstee met vriende en familie by Oude Libertas.**

**Amanda Strydom Dinsdagaand op die verhoog in die Spier-amfiteater.**  
FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



**Amanda loop die pad nou 60 jaar. Sanlam Musiekfees. Spier-amfiteater. Die konsert was Dinsdagaand.**

**E**k het Amanda Strydom vir die eerste keer in lewende lywe in 1985 gesien.

Dit was in ’n rokerige nagklub in Kaapstad, die plek se naam was Rita’s.

Dit was die uithangplek van wilde akteurs, hartseer dwelmverslaafdes, eenkantmense, en somer sulke bacchante rockers wat wou dans totdat die son opkom. Die Duitse punkster Nina Hagen, wat groot in

die demi-monde gedurende die tagtigerjare was, het ook een aand daar gekaperjol.

Jy moes diep in die maag van dié klub klim, al met die trappe af, af, af. Daar staan Amanda toe in die een vertrek, by ’n klavier, met Trix Pienaar en ’n vriendin van hulle, ene Lorraine Griesel. Die tema van die klub daardie nag was die strand, hulle het op wit sand gestaan, geklee in swart, met swart lipstif.

Ek kan nie onthou wat Amanda daardie aand gesing het nie, maar ek onthou dit was dramatiese, haar stem het ver gedra, daar was ’n sterk donker kabaretkwaliteit aan

die vertoning.

Dinsdagaand was Amanda weer voor my, meer as dertig jaar later, hierdie keer as deel van ’n groot vertoning by die Spier-amfiteater waar haar sestigste verjaardag gevier is. Alhoewel sy eers op 23 Julie 60 word, is dit gepas dat sy nou by die Woordfees gehuldig word. Dit sit nie in enigiemand se broek om so lank in ’n wisselvallige vermaaklikheidsbedryf aan die gang te bly nie.

Iewers doen sy iets reg (wel, eintlik baie reg), en al doen of sê sy wat, Amanda het godinstatus onder haar aanhangers. Dit het ek gou agtergekom toe ek nie vir haar

nie, maar een van die sangers wat daar opgetree het, ligweg kritiseer.

If looks could kill, soos die Kakies seg, want die vrou langs my in die gehoor het gelyk asof sy my met haar bloukopkoggelmandertong wou piets. ’n Ander vrou wat ’n tipe sterk parfuum wat na spanspek ruik dra, het weer iedere naam van elke persoon op die verhoog geken, selfs meeste van die lede van die Libertaskoor, waarvan daar trosse was.

Die volgepakte ouditorium was dus boordensvol met aanhangers wat gewissel het van bejaard tot bloedjonk, van

ou geharde klipsalmanders tot milde geparfumeerde ryp spanspekboorde. In die gehoor, onder meer, was ook haar ouers, wat duidelik vir haar ’n onverwagte geskenk was.

Toe Coenie de Villiers en Hannes van Wyk, haar vriende en gashere van die aand, noem haar ouers is daar, het sy opgespring, voor na die verhoog gehardloop en geskree: “Turn on the house lights! Mamma! Pappa!” Dit was nogal ’n sielvolle, vlamme oomblik.

Coenie het gemaklik met haar sit en gesels oor hul jeug, oor hul lewens en hoe die onvoorspelbare draaie van ’n mens se bestaan jou op sekere paaie uitbring. Hannes van Wyk het van haar liederes voorgelees, sy vertoning het soms aan die teatrale gegrens, maar dit was maar hoe dit was.

As jy van Amanda Strydom praat, het jy met iemand te make wat deur en deur (weer eens soos die Ingilse seg) larger than life is. Ja, dis ’n cliché, maar hier praat ons van groot manne se hoesgoed. Hennie Aucamp het my self eendag vertel as Amanda by ’n vertrek inloop, raak die Soutpansberge aan’t bewe.

Sy het ook vir Hennie hartlik bedank vir die invloed wat hy op haar lewe gehad het, asook die legendariese Merwede van der Merwe, albei nou ontslope. Dit was ’n hartseer oomblik, ’n mens kon sien Amanda was aangedaan en sy het verlang na haar ou vertrouelinge.

Ou en nuwer vriende het op die verhoog kom optree, van Anna Davel, Brandon October, Gloria Bosman, Stef Bos, tot Joshua na die Reën. ’n Geweldig teatrale oomblik, amper Weimar-agtig, was toe die Libertaskoor stadig van buite af met klein flinkerende kersies opgestap en ’n uittreksel uit die *Misa Criolla* gesing het.

By tye het dit gevoel asof die hele aand se vertoning dalk ’n stewiger regisseurshand nodig gehad het, dit was eenvoudig te groot en amper buite beheer, maar hei, dis nie aldag dat ’n diva se verjaardag so luisterryk gevier word nie.

So blêddie what, want dit het regtig gelyk asof almal heel jollie was en die gehoor se staande ovasie teen die einde het dit bevestig. Take a bow, Miss Mandy, die aand was joune en mag jy vir nog baie lank deel van ons lewens wees. Sela. – **Herman Lategan**



**Janine Neethling, hier met trekklavier (links), was die musiekregisseur van die konsert, en Stef Bos het ’n duet saam met Amanda gesing.**



## ‘Ek loop die pad’



Die Royal-hotel-streakers: Coenie de Villiers, Amanda Strydom en David Kramer. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

# Miss Mandy se makietie

‘Jy weet, Miss Mandy, nadat Steve destyds vir Jan-Jan Joubert geklap het, kom hy na my toe en sê: ‘Jy moet net sê wie ek vir jou moet bliksem’. Wel, dis wat ek nou vir jôu sê. As jy iemand nodig het, ons is hier vir jou.’

Só korswel Karen Meiring, hoof van kykNET, by ’n informele oggendtee wat aangebied is deur die Woordfees, Distell en kykNET ter viering van Amanda Strydom se 60ste verjaarsdag op 23 Julie vanjaar. Te oordeel aan die paar kort toesprake is dit egter nie net sy wat dié sentiment koester nie. Dit was min of meer die tema van die tee.

Margit Meyer-Rödenbeck, mede-eienaar van Die Boer-teater-restaurant, is die seremoniemeester. Sy en haar man, Jurg Human, is al jare lank groot Amanda Strydom-bewonderaars en daar bestaan ’n hegte band tussen hulle. Amanda tree gereeld op by Die Boer in Durbanville, asook by die KKNK op. Vanjaar doen sy ’n show by Die Boer KKNK genaamd ‘*n Rugsak vol Robyne*’.

Janine Neethling, al 18 jaar lank Amanda se begeleier en harts-vriendin, kon ongelukkig nie die tee bywoon nie, maar majoor Meiring (Amanda se bynaam vir Karen Meiring) maak ’n plan.

Sy bel vir Janine, skakel oor na die luidspreker en plaas die foon teen die mikrofoon. C’est voilà! Daar kry Janine ook kans om vir Amanda geluk te wens en aan haar te vertel wat sy vir haar beteken. Amanda is sigbaar aangedaan, want Janine lê vir haar baie na aan die hart – haar “soul sister”.

Irma Albers, voorheen van die Distell-stigting, loop ook al ’n lang pad saam met Amanda. Sy



verwelkom haar by Oude Libertas en wens haar geluk met haar verjaarsdag. Jana Hattingh oorhandig ’n geskenk namens die Woordfees, gevolg deur Jak de Priester wat vir haar ’n pragtige liefdeslied sing – “Alles vir liefde” – uit erkentlikheid vir die groot invloed wat sy op sy loopbaan gehad het.

Johan van der Merwe, mede-organiseerder van die oggendtee en ’n vriend van Amanda, kry ook ’n spreekbeurt en hy is die eerste om ’n geheim uit te lap. Amanda se ouers, Hans en Marlene Strydom van Jeffreysbaai, vergesels van Amanda se suster Helene Meyer, woon ook die geleentheid by.

Johan sê dat hy moet bieg oor ’n insident met haar pa se 70ste verjaarsdag. Hulle was albei daar vir die geleentheid en het laatmiddag ’n draai gaan ry, was honger en het ’n klein seekosgereg bestel wat toe nie so klein was nie.

By die huis aangekom, was die tafel gepak met ’n feesmaal. Johan

**Bo: Amanda, ma Marlene en suster Helene. Onder: Coenie gee ’n stywe druk.**



het glo op sy tande gebyt en weer geëet, maar Amanda het nie kans gesien nie en siek gespeel.

Coenie de Villiers, een van die gashere en musiekvriende by die konsert *Amanda loop die pad nou 60 jaar*, is verantwoordelik vir die heildronk. Hy en Amanda ken me-

kaar nou al 41 jaar. Sy het eendag in hul eerste jaar op Kowsies laat by ’n Kommunikasiekundeklas ingewarrel en langs hom beland. Die res is geskiedenis.

Coenie se heildronk, soos sy lirieke, is digterlik en diepsinnig: “Mandy, oor die jare saam met jou was my gunstelingplek agter die klavier. Van daar kon ek jou in die ligte sien, jou hoor, en vir daardie paar kosbare oomblikke was die wêreld heel.”

Ten slotte kry Amanda kans om ’n paar woorde te sê. Sy is in ’n guitige bui. Oor die lengte van die vertrek onderhandel sy met Coenie en David Kramer. Mag sy maar vertel van iets wat hulle op Bethlehem in die Vrystaat gedoen het toe hulle daar was met ’n David Kramer-toer al het hulle mekaar beloof om dit ewig geheim te hou tensy een van hulle die kluts kwytraak?

Coenie en David knik instemmend. En Amanda begin vertel.

“Ons het die konsert daar gedoen die aand en dit was fantasties, soos altyd. Maar die mense het nie eintlik vir my en Coenie gekom nie. Hulle was daar vir David.

Ons is daarna terug na die hotel, gepas genaamd die Royal-hotel. Nou’s ons verveeld. Ons kan nog nie gaan slaap nie, want ons het opgetree. Ons is soos kinders. Wat kan ons nou doen? En Coenie sê: “Kom ons streak!”

“David,” vra sy, “was die album se naam *Delicious Monster*?” David knik weer. Sy vertel verder.

“Daar het sulke plakkertjies aangekom met ‘*Delicious Monster*’ in geel daarop gedruk. Ek sê toe: ‘Oukei boys, ek gaan my pantie aanhou, maar vir die res sit ek twee *Delicious Monster*-plakkers op my *delicious monsters*’. Daar is ons in die boonste gang van die Royal-hotel: die legende David Kramer en Coenie de Villiers poedelkaal, die baskitaarspeler pienk en kaal, die tromspeler plomp en kaal, en ons streak! Jy sien net *delicious monsters* dié kant toe, *delicious monsters* daai kant toe. Dáár gaan David Kramer in die gang af! Hier kom Coenie met die bril. En niemand het ons gesien nie! Niemand weet daarvan nie, behalwe ons. Maar nou kan ek nie meer sê “dis my geheim” nie! Dis nou oop. En dit was fantasties!”

Almal gil soos hulle lag, Coenie en David die hardste van almal, en Amanda maak haar buiging.

Soos David tereg agterna opmerk: “In daardie dae sou dit op die agterblad beland het. Nie vandag meer nie.”

Amanda Strydom, geliefde townenaar van die woord, se makietie was “magic”.

– Marina Griebenow

Klassieke musiek

# Koor ‘sing uit harte vir geregtigheid’

**Libertaskoor – Klassiek tot kontemporêr. kykNET Endler. Oor die naweek.**

Vernuwend, van hier, veeltalig en vir vele. Só kan die Libertaskoor se nuutste produksie saamgevat word.

Die werke wat ingesluit is sal by ’n wye gehoor aanklank vind. Hoewel roerende vertolkings van gewyde werke soos Karl Jenkins se “Cantate Domino”, “Exsultate, jubilate” asook Leonard Cohen se “Hallelujah” ’n mens hoendervleis gee, was dit veral werke uit eie bodem wat uitgestaan het.

Die verskeidenheid van werke word ook deur veeltaligheid gekenmerk. Daar is in vyf verskillende tale – Sotho, Latyn, Engels, Afrikaans en Zoeloe – gesing.

Die koor se ryk klank het gewyde liedere soos “Konyanya-Modimo” deur Lungile Jacobs (die Sotho-tekse van die Agnus Dei), “Ngabe Sesihlelekile” in Zoeloe en “Alleluia” deur Eric Whitacre tot hemelse klanke omtower.

Die opdragwerk “Mahler”

is vir die eerste keer uitgevoer. Dit is gekomponeer deur Zorada Temmingh, bekende orrel-improvisator, in opdrag van die Libertaskoor. Die werk is vir klavier en koor geskryf en is gebaseer op Jeanne Goosen se gedig oor die komponis Gustav Mahler. Goosen is self ’n aanhanger van klassieke musiek. Dié intense en dramatiese juweel is voorwaar ’n toevoeging tot die skatkis van plaaslike werke. Temmingh was self agter die klawers.

Die koor het ook ’n mooi verwerking (deur Gerhard Niemand) van “Voshaarnooi” gesing. “Voshaarnooi”, gekomponeer deur Louis van Rensburg en gegrond op Boerneefverse, word wyd

“...veral werke uit eie bodem het uitgestaan.

beskou as een van die mooiste in Afrikaans.

Nóg ’n eerste uitvoering is ’n verwerking deur Melissa van der Spuy van Mango Groove se “Moments Away”. Dit is baie treffend deur die koor vertolk. Veral die solis, Terence Petersen, het groot aanklank by die gehoor gevind.

Daar is voortgerock in die taal met nog ’n Niemand-verwerking, “Hoor hoe brom die wind”, bekende treffer van Amanda Strydom. Die “Hawker Boys Medley”, in die loslittige Kaapse Ghoema-styl was ’n prettige vermenging van Afrikaanse volksliedjies soos “Ou Ryperd”, “Solank as die rietjie” en “Vanaand gaan die volkies koring sny”.

As toegif is Karl Jenkins se “Let There be Justice for All” uit sy *The Peacemakers* (na aanleiding van oudpresident Nelson Mandela se woorde) gesing. Volgens die koor se dirigent, Johan de Villiers, “wil die koor uit hul harte die boodskap van hierdie lied oordra”. Gepas vir die tye waarin ons leef. – **Johan van Tiddens**

## Temmingh se spel by tye eenvoudig verbysterend

**Corelli en Kie. Klassieke musiek. kykNET Endler. Die konsert was op 8 Maart.**

Iemand behoort ’n boek te skryf oor musici se idiosinkratiese verhoog-aksies. Daar is kopknikke, voetstampe, gesigtrekkings... En dan is daar Stefan Temmingh se “dans-passies”.

Dié blokfluitspeler buig, skuifel en swaai terwyl hy hom heeltemal begewe in die musiek. Dit dra natuurlik alles by tot sy verhoogpersona en gee ’n effense kinkel aan die uitvoering, want meeste mense reken blokfluit is maar ’n hierjy-instrument. Maar dit is nie. Nie op die manier waarmee Temmingh daarmee musiek maak nie.

Dié gebore Suid-Afrikaner is in München, Duitsland, gevestig en hierdie konsert op die Woordfees Dinsdagaand was die eerste van ’n landswyse toer saam met die klavesinis Erik Dippenaar.

Soos die konsert se titel aandui, is musiek van Arcangelo Corelli (1653–1713) – spesifiek sy opus 5-sonates – en sy tydgenote gespeel. Die musiek van barokkomponiste soos Francesco Geminiani, Telemann, Handel en Vivaldi is ook gehoor.

Temmingh het sy gehoor in

vervoering gehad met sy virtuositeit en musikaliteit. Van die frases, soos in die laaste beweging van Corelli se Sonate no.10 in C, speel hy so vinnig dat dit voel asof jou ore nie kan byhou nie.

Deurgaans is sy note suiwer geartikuleer en gevorm, en daarby word frases goed afgerond. Nooit speel hy ’n frase onnet nie, en die geheel klink weldeurdag.

Van die werke in die eerste helfte van die konsert het ek effens vervelig en eentonig gevind, maar Vivaldi se Sonate in E majeur, RV806, en Corelli se Sonate no.12 (“Follia”) in G mineur aan die einde van die konsert was ’n lus vir die oor.

“Follia” se laaste beweging was eenvoudig verbysterend.

Dippenaar, wat eweneens virtuose passasies met gemak gespeel het, het vir goeie balans tussen die twee instrumente gesorg. Deurgaans was hy ondersteunend, maar het terselfdertyd ook leiding geneem om die musiek te stuur.

Albei hierdie musici is barokspesialiste en hul konsert het uiteraard goed oorgekom. Ek is seker dat, soos wat die toer vorder, die twee musici musikaal selfs meer ingestel op mekaar sal wees. – **Wayne Muller**

DIE  
BYBEL IN  
JOU  
TAAL



[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)  
bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel: ’n Direkte Vertaling

Lukas 12:37

•Amen, Ek sê vir julle: Hy sal sy gordel vasmaak, hulle vir ete laat aanleun<sup>a</sup> en hulle kom bedien.\*

<sup>a</sup> vir ete ... aanleun: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

SÊ JOU SÊ BY:

[www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za)

# Lucas se liedjies word kiekies

**Kiekies – Lucas se liedjies. Musiekteater. Laer as laag. Die konsert was die naweek.**

Lucas Maree was 'n fotograaf, joernalis en het 'n dramagraad gehad, “maar hy het die mooiste geteken met die potlood van die taal”.

Só sê Thean Kotze, wat saam met Jannie du Toit 'n paar volkleurkiekies in die foto-album van die geheue geplak het met die liedjies van Maree, wat in 2011 oorlede is. *Kiekies* was ook die naam van Maree se eerste langspeelplaat wat in 1984 vrygestel is.

Die musiek is afgewissel met sêgoed van en staaltjies oor Maree. Volgens Du Toit, 'n vriend wat saam met hom in die Lugmag-gimnasium was, het Maree nie volgens die resep van die gegewe tyd gewerk nie. Hy sou “die woorde neem waarvan hy hou en dit dan soos 'n sosatie pak”.

Met sy liedjies het hy sosiale, en soms ook politieke kommentaar gelewer. Du Toit beskryf sy styl as “boerefolk”, ook in die lig daarvan dat Maree dikwels in 'n kortbroek, met 'n bos sleutels aangehaak, opgetree het. Maree het as joernalis saam met nóg 'n meester van die woord, Koos du Plessis, gewerk. Du Plessis was die subredakteur by die koerant. Maree sou glo die



Thean Kotze en Jannie du Toit vier Lucas Maree se nalatenskap. FOTO: NATALIE GABRIELS

volgende strofe uit Du Plessis se liedjie “Sprokie vir 'n stadskind sing”: “Volg hom elke nag oor swart riviere; kyk nie één maal om.” Daarna sou hy byvoeg dat as hy dit moes skryf, die woorde as volg sou lui: “Volg hom elke nag oor swart riviere, kyk nie één maal om NIE.”

Maree se liedjie “Legkaart” het ontstaan omdat sy pa dikwels 3 000-, 8 000- of 10 000-stuk legkaarte sou koop. Dit sou die gesin dan by die eetkamertafel bou. Hy kon weliswaar glad nie onthou of

“'n Mens werk om prente te bou wat op die ou end in 'n boks gegooi word.

hulle ooit daar geëet het nie. Volgens hom was die lekkerste tyd om 'n legkaart te bou juis wanneer jy elders – soos by die skool – moes

wees. Maar die heel lekkerste was egter om die laaste stukkie van die legkaart in plek te sit. Daarna sou die familie die legkaart bekyk, vergelyk met die prent op die boks, en dit dan opbreek en wegpak. Maree het gesê dat mens die hele lewe lank daaraan werk om prente te bou wat op die ou end in 'n boks gegooi word.

Sy baie bekende “Victoriabaai” is geskryf as “blomme” vir sy ma se graf. Maree het vertel dat hy gereeld sy ma met haar kop in 'n kas of laai gesien het. Latere jare

het hy uitgevind dat sy oor haar ma, wat toe reeds oorlede was, huil en wonder of daar blomme op die graf is. Sy ma het versoek dat haar as by Victoriabaai in die see gestrooi word. Hy wou ook graag blomme op haar graf gaan sit, en skryf toe die liedjie “Victoriabaai”.

Du Toit vertel dat Maree baie huisvas was. Wanneer hy in Pretoria sou optree, het Du Toit hom altyd genooi om by hulle in Johannesburg oor te slaap. Hy sou daarvoor dink, het Maree geantwoord, maar dit het helaas nooit gebeur nie. Maree het altyd die vier uur lange rit na Bloemfontein aangepak.

Du Toit voeg by dat selfs wanneer Maree nog by sy huis in Bloemfontein was, hy sou sê “ek mis al klaar my mense”. Saam met sy vrou (verwys die liedjie “Droomvrou”) en drie dogters, was sy lewe “bevolk met vroumense”.

Met “Nog een koppie koffie” moes die gehoor te gou groet en huis toe gaan. Maar nie voor hulle Maree se groot treffer “Ek sou kon doen met 'n miljoen” hoor nie, want meer as 20 jaar later werk ons ons nog stéeds oor 'n mik om net belasting te betaal en die rentekoerse hou ons steeds oor die algemeen maar kaal.

– Johan van Tiddens

## Diaan se selfoon glo by venue gesteel

Saartjie Botha, die Woordfees-direkteur, het gisteraand aan *Ink* bevestig daar was op 8 Maart 'n geïsoleerde insident in die Breughel-teater in Cloeteville na afloop van die vertoning van *Klein jakkalsies*.

'n Sekuriteitswag het na bewering probeer om die aktrise Diaan Lawrenson se selfoon uit 'n kleedkamer te steel.

Lawrenson se man, die akteur Jody



Abrahams, het haar te hulp gesnel en die foon is teruggevind. Sowel Lawrenson en Abrahams was in *Klein jakkalsies* te sien. Die speelvak van hierdie produksie by die Woordfees is reeds verby.

Veiligheid is sedertdien opgeskerp en die polisie ondersoek die voorval.

Na wat verneem word is Lawrenson en Abrahams reeds terug in Johannesburg.



**LANZERAC**  
HOTEL & SPA

Est. 1692 Since

★★★★★

**LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE  
US WOORDFEES 2016**



DIE LANZERAC DELI IS 'N DEELNEMER AAN DIE HAP 'N KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY 'N KANS ONS DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS DIE WOORDFEES.

DIE LANZERAC DELI BIED OOK HEERLIKE EETGOED BY DIE HOFMEYRSAAL VANAF 11-12 MAART WAT NIE MISGELOOP MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG, HOFMEYRSAAL, STADSAAL EN DIE KHAYA.



Musikhaus  
**W.HEUER**  
Tel 021 887 2938 www.wheuer.co.za

# ‘Samsa’-skrywer: Dit gaan oor oud word

**Willem Anker en Tertius Kapp: Samsa-masjien. Gesprek in die HB Thom-foyer.**

**E**k is eintlik gatvol vir Kafka,” het Willem Anker, bekroonde skrywer en dramaturg van *Samsa-masjien*, tydens sy HB Thom-foyer-gesprek met Tertius Kapp van hom laat hoor.

In die onderhoud het Kapp gereeld parallelle getrek tussen die oorspronklike teks en Jaco Bouwer se weergawe van dié klassieke novelle.

*Samsa-masjien* is deur Bouwer geregisseer en is losweg gegrond op Franz Kafka se werk *Metamorfose* (*Die Verwandlung*). Die toneelstuk wyk af van die oorspronklike storie wat handel oor ’n man, Gregor Samsa, se metamorfose van seun na kakkerlak. In Bouwer en Anker se weergawe is dit die seun se pa wat deur die loop van die toneelstuk al hoe meer insekagtige gedrag toon en verval in kinderlike waansin.

Anker vertel hoe Bouwer “’n ding oor insekte wou maak”, en hom daarby betrek het om die teks te skryf.

“Toe ons begin praat het daaroor, was die idee om die broer en die suster (die kinders) insekagtig te maak. Ons wou toets wat die

grens van die mens is... veral die bewegings – waar begin en eindig die mens werklik?” het Anker introspektief gevra.

Een van die teks se hoofemas is een van vervreemding soos Samsa al hoe meer teruggetrokke raak en bisarre gedrag begin toon. Anker voer aan dat hy die negatiewe aspek van hierdie “agteruitgang” wou positief maak.

“Dit sou baie interessant wees as dit gaan oor oud word,” aldus Anker, “as mens weer wil begin speel en weer in jou lyf wil kom. Dis ’n positiewe vordering.”

Aangesien Kapp en Anker albei literêre agtergronde het en kenners is op die gebied van taal, word Anker gereeld uitgevra oor die taalgebruik en die betekenis daarvan in sy teks. Hoewel dit ’n voorreg is om twee ingeligte, intelligente mense in gesprek te hoor tree, het die praatjie soms daarna geneig om te groot klem op simboliek te plaas, en die ontleding het nogal swaar geraak.

Kapp was baie gretig om te hoor hoe Anker se teks ooreenstem met Kafka s’n, hoewel Anker genoem het dat hy reeds siek en sat is vir Kafka-verwante vrae.

“Behalwe nou vir die seep-advertensies?” het hy geskerts.

Dit is ’n verwysing na Samsa se dogter wat in die advertensiewese



werk, en die deurlopende tema van ’n kliniese omgewing. Die wit stel is boonop elke dag weer deur die tegniese span geverf om die gevoel van hierdie gesaniteerde omgewing waaraan mense gewoon is, ten toon te stel en uit te daag met die strak kontras van die kelder onder die verhoog waar Samsa sy metamorfose ondergaan.

“Baie daarvan stem ooreen,” het Anker voortborduur. “Veral hoe mense vasgevang word deur verskillende strukture en die maniere hoe om daaruit te kom.”

Hy het bygevoeg dat die absurde aard van die karakters wat

soms heeltemal uit karakter tree en goed sê soos: “It was like, so Kafkaesque”, die absurditeit van die lewe uitbeeld.

“Hoe mense verval in clichés, en hoe kommunikasie verval.”

Kapp noem Anker se idee van “taal as ’n virus”.

“Language is a virus from outer space,” het Anker vir William Burroughs aangehaal – na wie hy gereeld tydens die gesprek verwys het. Ongelukkig het Anker ’n gewoonte om nie heeltemal in die mikrofoon te praat nie, en heelwat van sy aanmerkings het verlore gegaan. Anker brei uit op sy stelling deur te sê hoe ons beperk is deur taal en jou woordeskat; as mens se taalverwante verwysingsraamwerk te klein is, beperk dit jou interaksie met die wêreld om jou.

Een van die tekens wat Samsa tydens sy gedaanteverwisseling begin toon, is die gebruik van brabbeltaal. Mettertyd boots sy woordeskat dié van ’n kleuter s’n na. Veral “koekoe-doedoe-da-da- pappa” het vir Kapp bygeval. Anker het kommentaar gelewer op die eenvoud van die taal, en hoe Samsa se demensie “tragies” is.

“Dit maak hom seer en die mense wat lief is vir hom.”

Tog het Samsa se vrou, Josephine, begin “saamspeel” met Samsa se gedrag. “Jy moet net

saamgaan,” het hy verklaar, en die gehoor weer bedag gemaak op die rol van verhoudings en menslike emosie.

Kapp het opgemerk dat *Samsa-masjien* ’n baie sterker narratief bevat as Anker se vorige stuk *Hamlet-masjien*.

“Dis maar ons manier om ’n hand te gee vir mense om meer emosioneel betrokke te raak by die storie,” het Anker verduidelik.

“Om die storie te vertel van twee mense wat saam oud geword het en agterkom hulle was nooit kinders nie en nou wil hulle dit graag hê en bietjie speel.”

Aan die einde van die gesprek het ’n vrou uit die gehoor vir Anker gesê dat sy die toneelstuk drie maal gekyk het omdat sy so mal was daaroor, maar “ek is glad nie so literêr nie, en het dit as ’n liefdesverhaal gesien. Om te sien hoe ontsettend lief hierdie mense mekaar het. En ek is glad nie ’n romantikus nie!” voeg sy vinnig by.

“Dankie,” het Anker op ’n sagmoedige wyse geantwoord, “ek het dit ook so gelees.”

Een blywende vraag wat Kapp aan Anker gerig het, is wat mens moet doen as gedagtes van vervreemding jou oorval. Anker het ’n klein glimlag gegee.

“Dan maak jy geraas.”

– **Mila de Villiers**

## DIE BYBEL IN JOU TAAL



[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)  
bybelgenootskap van suid-afrika

### Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

#### Matteus 27:46

Teen ongeveer die negende uur het Jesus met ’n harde stem uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtáni?”<sup>y</sup> Dit beteken ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’<sup>z</sup>

<sup>y</sup> Eli ... sabagtáni: Aramese aanhaling deur Jesus uit Ps 22:2 as ’n uitspraak wat in Homself vervul is; vgl Mark 5:34.

<sup>z</sup> My God ... verlaat: Griekse vertaling in die •bronteks van die Aramees.

SÊ **JOU** SÊ BY:  
[www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za)

# 'n Fees van boeke

Ink, die amptelike feeskoerant van die Woordfees, is by die ATKV-boektent te koop. **Lynné Schoeman** het gaan kyk watter boeke saam met Ink in die inkopiemandjie beland.



**Thea Schoeman (65) van Somerset-Wes:** “Ek het drie kleinkinders van 4, 6 en 8 wat hier op Stellenbosch woon. Die dogtertjie, Rebecca, is altyd gretig om te sit en ‘werk’, maar die seuntjies Benjamin en Gideon wil net speel en eksperimente doen. Ek wil hulle graag aanmoedig om te lees.”



**Paul Buckle (33) van Worcester:** “Ek het die *Bly*-kortverhaalbundel gekoop omdat dit die eerste keer is wat hulle so iets uitbring. Ek dink dit en *Ink* vang die gees van die fees vas.”



**Elmien Meyer (61) van Somerset-Wes:** “Ek was nog altyd geïnteresseerd in die sterre en dié boek verduidelik dit op ‘n eenvoudige manier. Die kookboek was vir my mooi – en goedkoop! Eintlik wag ek net vir *Fabels en Feeste van la Creuzette* om op uitverkoping te kom, dan kan jy weer ‘n foto van my neem.”



**Redaksie**

Redakteur  
**Jacolette Kloppers**  
(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer  
**Hannelie Cronjé**

Uitleg en produksie  
**Johnn-Grant Munro**  
**Heléne Booyens**

Teksredakteurs  
**Susan Booyens**  
**Marchelle van Zyl**

Skrywers  
**Mila de Villiers**  
**Jo-Ann Floris**  
**Marina Griebenow**

**Herman Lategan**  
**Wayne Muller**  
**Ilza Roggeband**  
**Lynné Schoeman**  
**Jo Prins**

Fotografe  
**Nardus Engelbrecht**  
**Natalie Gabriels**

Assistent  
**Marietjie Booyens**

Dankie aan Jan en Pippa Louw en Humarga vir tegniese dienste, ondersteuning en infrastruktuur.

Ink op die internet 'n Elektroniese weergawe van Ink is ná 13:00 beskikbaar op Netwerk24. Besoek die skakel <http://www.netwerk24.com/za/eikestad-nuus> om aanlyn te lees.

## Sanlam studente-talente

**Sanlam studente-talente. Musiekfees. De Vette Mossel. Dit was op 8 Maart.**

Maties se kultuuriere het Dinsdag-aand in De Vette Mossel met hul talente gewoek in die hoop om die prysgeld van R2 500 los te slaan.

Angelique Riddles (18) van Blackheath is deur die paneel beoordelaars as die wenner aangewys.

“‘Saving All My Love’ van Whitney Houston is iets wat ek altyd sing – veral in die stort,” het sy gesê.

Riddles, ‘n BA-eerstejaarstudent, het op sewe vir die eerste keer voor Shoprite aan ‘n karaoke-kompetisie deelgeneem, en sedertdien is daar geen keer aan haar nie.

“My droom is om die wêreld plat te reis en om mense te help en te inspireer,” het sy gesê.

Van die ander deelnemers het hul eie skeppings na die verhoog gebring:

- **André van der Hoven** (20) van Pretoria: “Ek het my eie gedig voorgedra. Dit gaan oor Afrikaans en my posisie as wit Afrikaanssprekende in Suid-Afrika. Moet jy regtig jou eie taal en identiteit prysgee ter wille van politieke en sosiale geregtigheid?”
- **Chumani Mtshixa** (21) van Kaapstad en 2014-wenner van Studente-talente: “Ek het my gedig ‘She is hope’ voorgedra.

“Dit gaan oor die bemagtiging en emansipasie van die vrou. Ek wou die boodskap oordra dat elke vrou oor innerlike krag en skoonheid beskik – net omdat sy ‘n vrou is.”



**Angelique Riddles (18)**



**FIELA SE KIND BY KUNSTERKAAP**

Aan die een kant van die berg, in die Lange Kloof, woon Fiela Komotie, verknog aan haar hanskind – deur die Here aan haar ‘toebetrou’ een nag toe sy hom as drie-jarige gekry het waar hy voor haar deur staan en huil, ‘n weggooilam. Aan die ander kant van die berg, in die Bos, woon die houtkapper Elias van Rooyen en sy vrou Barta, wie se driejarige seun weggeraak het.



Die een kind is Benjamin Komotie, die ander Lukas van Rooyen. Is dit dieselfde seun? Kan ‘n klein kind so ver geloop het, uit die Bos tot in die Lange Kloof? Die vraag word nege jaar later oopgekrab deur twee sensusmanne wat deur die Lange Kloof reis en die wit kind met die blou oë tussen die bruinmense kry.

En jare later is dit die vraag wat Benjamin/Lukas self vra. Wie is ek? Hy moet weet, anders kan die vrou wat hy liefgekyk het nooit syne wees nie. Die antwoord is daar, weet hy: iewers in homself, diep verskuil in die verlede, bly dit hom ontwyk.

> Fiela se kind is in Engels, Duits, Frans, Hebreeus, Nederlands, Sloweens en Sweeds vertaal.

> Fiela se kind is voorgeskryf as roman vir Graad 10 Afrikaanse Huistaal, en die verhoogverwerking vir Graad 12 Dramatiese studie.

Die nuwe produksie van *Fiela se kind* word deur Juanita Swanepoel geregisseer met onder andere Lee-Ann van Rooy, Charlton George, Nicole Holm en Waldemar Schultz in die rolverdeling. Hulle word ondersteun deur 6 finaliste van die Nasionale Toneelkompetisie vir leerders, o.a. in die rolle van Lukas en Nina. Hierdie projek bied aan talentvolle leerders ‘n unieke geleentheid om saam met professionele spelers aan ‘n produksie te werk en so te leer. Die stuk is in 2016 by die US Woordfees en ook by Artscape te sien.



D.F. Malan Street, Foreshore, Cape Town  
Purchase tickets online or via Artscape's  
Dial-A-Seat on 021 421 7695 or at Computicket.

[www.artscape.co.za](http://www.artscape.co.za)



**Oude Libertas Amfiteater**

**Best of Bovim Ballet**

**8-12 Maart 20:15**



**Asemrowende duette, trios & groepwerk vol finesse uit**  
**Tango Nights, SwingTime, Romeo's Kiss, Queen at the Ballet**  
**en Private Presley**



**DISTELL**  
STIGTING • FOUNDATION



**BUSINESS AND ARTS**  
SOUTH AFRICA



**Computicket**  
the ticket you can trust

0861 915 8000 | [www.computicket.com](http://www.computicket.com) | [www.computicket.mobi](http://www.computicket.mobi)

ALSO AVAILABLE IN THESE STORES: **SHOPRITE** **Checkers** **checkersHyper** **Game** **Alfam**

**Besprekings @ : 021 809 7473**  
**h/v Adam Tas & Libertas Str, Stellenbosch**

## Skrywers en akteurs

## Jana gee raad oor kunsbelewenis



Jana Cilliers gistermiddag aan die woord in 'n gesprek met Wordfees-direkteur Saartjie Botha oor hoe om die meeste uit jou ervarings by 'n kunstefees te haal. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

# 'With sublime ease and craft'

Andrew Buckland (62) hardly needs to be introduced to South African audiences. Not only is he a respected lecturer (at Grahamstown and seasoned actor, he is also known for his outstanding miming abilities and movement.

He is from the old school, where an actor's body is one of his most important instruments. In *Tobacco, and the Harmful Effects Thereof* (which was performed at the Wordfees), audiences will be mesmerised by this man's ability to keep you spellbound. It certainly combines all his skills as an actor: Voice, movement, timing and the whole potpourri of rhythm, cadence and tempo.

It is a tight run of 70 minutes (not a minute wasted) and physically so demanding, even those people sitting comfortably in their chairs will feel exhausted, yet exhilarated. Prepare yourself for a loaded, non-stop entertaining sketch, with the most delicious words, wordplay and send-ups. Sentences flash from his lips like searchlights.

Afrikaans audiences will also find this show appealing, as its message is universal (the voice of the ordinary man) and the repartee and banter luscious and entertaining. He tells **Herman Lategan** more.

## What is the show about?

The show is a beautifully crafted, funny, poignant story of human relationships and our capacity to transcend ourselves.

## It is physically demanding?

Ivan has an "anxious personality"



## Will the real Buckland stand up?

Born in Zimbabwe in 1954, Andrew tripped and fell into theatre as a student in 1974. Since then his journey included extraordinary teachers at the Rhodes Drama Department, collaborators like Soli Philander, Maciek Schejbal, Janice Honeyman, Jenni Reznick, Ilse van Hemert, Claire Stopford, Marthinus Basson, Barney Simon, Gary Gordon, Lionel Newton, Lara Foot, Sylvaine Strike and Janet Buckland. He has earned over 20 national and international theatre awards, and also spent a year working with the Cirque du Soleil in Las Vegas. In July 1992 he took up a teaching post at the Drama Department at Rhodes and in 2010 was appointed Head of Department until June 2013. [Source: Rhodes University.]

and suffers from stress; so much of his movement is a reflection of that contrasted with deep yearning for liberation. He also likes to play and laugh, so the physical text is multilayered.

## How did you go about preparing for this role?

I learnt the words, then did a physical warm up of 90 minutes every day, then vocal warm up, then working with the prop, a 23 kilogram steel podium, and then gave myself over to the very skilled hands of a very skilled director: Sylvaine Strike.

## Tell us about the other character?

The 'other character' is Ivan's wife [Toni Morkel] whom the audience meets through Ivan's descriptions and her mysterious appearances. She is as complex as Ivan. Apparently very domineering but capable of sublime humanity, just like the rest of us.

## How and why did you decide on this play?

Sylvaine [Strike, director] sent me the script and invited me to read it. I decided after I read the script and found a text unlike anything I had read before. It combines the tragicomic contradictions and paradoxes of human relationships with sublime ease and craft.

## What can audience members expect?

A funny, entertaining, thought-provoking, emotional journey through human relationships which will strongly evoke very funny memories about their own lives.

## What sort of genre does this fall into? Hints of theatre of the absurd?

It is unique and resists classification.

# Irma skryf so goed want sy kan nie kook nie

**Irma Joubert: Immer wes. Skrywersfees. HB Thom-foyer. Die geleentheid was gister om 15:30.**

Irma Joubert het nooit drome gehad om eendag 'n skrywer te word nie. Maar met haar aftrede was dit 'n geval van: Wat nou?

"Mense het gesê: 'Jy moet iets doen. Jy kook nie baie goed nie', wat ek nie as 'n kompliment ervaar het nie," het sy skertsend en onder gelag van 'n gepakte foyer gesê.

"Jy is nie baie goed met naaldwerk nie, as jy iets in die tuin plant, gaan dit dood. Wat gaan jy doen? En ek móés aftree, my lyf het te moeg geword (ná jare se onderwys gee).

"Toe sê ek: 'Ag man, ek gaan skryf, dit kan nie so moeilik wees nie.'"

En dié matter of fact-benadering is besig om Joubert stil-stil een van Suid-Afrika se topverkopers oorsee te maak.

In Nederland en in die Lae Lande het haar boeke al by die 85 000 verkoop en die eerste oplaag van *The Girl From the Train* het verlede jaar by die 40 000 in die VSA verkoop. En laasgenoemde is nie 'n mark om sommer jou neus voor op te trek nie...

Joubert het gesê die "groot" geheim van skryf is ABC: "Apply bottom to chair." Sy het ook voornemende skrywers aangeraai om eers te gaan leer by skryfskole en met eenvoudige verhale te begin.

"Moenie dan al jou groot verhaal skryf nie."

Joubert, wat in gesprek was met medeskrywer Helene de Kock, het gesê haar ma was altyd haar klankbord.

"Want ek skryf oor 'n tyd toe my ma jonk was. En sy was buitendien 'n opgeleide verpleegster, so in geweldig baie van my boeke is daar baie oor verpleging, want ek het die perfekte bron gehad.

"Meer as dit, en dit is waar die tydsgees inkom, ek kan my nie indink met byvoorbeeld die inwyding van die Voortrekkermonument in *Anderkant Pontenilo*, wat daar alles gebeur het nie.

"Maar my ma was daar. Sy was 'n jong meisie met die hoeksteenlegging, sy was 'n jong vrou met die inwyding en sy kon vir my alles presies vertel."

En hoe gaan sy te werk om te skryf?

"Ek stel vir myself 'n totale raamwerk op – ek weet daar is skrywers wat kan dat die storie vir hulle dikteer, ek is miskien 'n te georganiseerde mens wat dit aanbetref – maar ek werk met 'n raamwerk en weet waar die storie heen gaan."

En elke nou en dan, sê Joubert, luister die karakters nie vir haar nie en klim uit die raamwerk uit. Só dat sy hulle hoor in die huis.

"Dan het jy al jou dae om hulle weer op hok te kry."

– Jo Prins



Irma Joubert vertel gister aan Helene de Kock hoe dit gebeur het dat sy begin skryf het. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



kontant

hang

aan

my

soos

'n

...

kleinsus

anker

knapsekêrel

Gee kontant die trekpas by die US Woordfees.  
Kry 'n Kontantvrye Kaart\*, koop na hartelus.

FNB en US Woordfees **maak** **sin** saam.

Universiteit Stellenbosch

**Woordfees**

Soek 'FNB Blog' aanlyn

\*Beskikbaar by FNB aankooppeunte.  
Voorwaardes en bepalinge geld.

First National Bank - 'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Kredietverskaffer (NCRCP20).

**FNB**  
First National Bank

hoe kan ons jou help?

# DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DStv